# Twee perspektiewe op die Suid-Afrikaanse historiografie


**P. de Klerk**
*Departement Geskiedenis*
*Potchefstroomse Universiteit vir CHO (Vaaldriehoek-kampus)*

IN SY voorsittersrede tydens die vyfde tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging in Februarie 1975 op Potchefstroom het prof. J.S. du Plessis by sy medehistorici gepleit dat 'ons ons aandag doelbewus meer op die geskiedenis van die historiografie as sodanig sal toespits as wat ons tot dusver gedoen het, dat ons daarin werklik ernstige navorsing sal doen en daaroor sal publiseer ...'[1] Hy het voorts op die waarde daarvan vir die geskiedkunde gewys:

> Deur so 'n studie word nie net rekenskap verkry van die stand van die historiografie en van die vertolking van die inhoud van die geskiedenis nie, dit het ook die belangrike voordeel dat daardeur vasgestel en ontdek kan word watter leemtes in verband met die inhoud of aspekte van die geskiedenis in die geskiedskrywing mag bestaan.[2]

Ten spyte van sy oproep het in die veertien jaar sedertdien betreklik min historiografiese studies verskyn; by die lysie van proefskrifte en verhandelings oor historiografiese onderwerpe wat Du Plessis in sy rede vermeld het,[3] kan tans nog nie veel nuwe titels gevoeg word nie. Die vernaamste bydraes oor die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing die afgelope aantal jare is deur prof. F.A. van Jaarsveld gelewer. Verskeie van sy gebundelde opstelle[4] handel trouens oor historiografiese onderwerpe. Sy onlangse werk, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede : geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk*,[5] is 'n omvattende studie van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Dit is egter toegespits op die besondere tema van die historiese skuldvraagstuk, sodat dit nie werklik 'n geheelbeeld van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing bied nie.

Deur Engelstalige geskiedskrywers is voor 1988 besonder min oor die Suid-Afrikaanse historiografie gepubliseer. Gevolglik kan die byna gelyktydige verskyning van die twee boeke wat hier onder bespreking is, as 'n drastiese verandering in die situasie beskou word. Albei skrywers is Engelstalige historici verbonde aan Suid-Afrikaanse universiteite — prof. Smith aan die Universiteit van Suid-Afrika en prof. Saunders aan die Universiteit van Kaapstad. Smith se werk is eintlik die eerste geheeloorsig oor die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing vanaf die eerste werke tot vandag. Saunders weer handel net oor die geskiedskrywing in Engels met besondere aandag aan enkele belangrike geskiedskrywers.




CHRISTOPHER SAUNDERS. *The making of the South African past : major historians on race and class.* David Phillip : Kaapstad en Johannesburg, 1988. Geïll. Prys R29,68 (eksklusief). ISBN 0 86486 075 7.




KEN SMITH. *The changing past : trends in South African historical writing.* Southern Book Publishers : Johannesburg, 1988. 240 pp. Geïll. Prys R35,67 (eksklusief). ISBN 1 86812 100 3.

'n Oorsigwerk oor die historiografie kan op verskillende maniere aangepak word. Indien die oogmerk is om, soos Du Plessis in sy rede beklemtoon, vas te stel watter leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing bestaan, sou nagegaan moet word wat alles oor verskillende tydperke, streke en temas verskyn het en hoe volledig en van watter gehalte dit is. Smith en Saunders wil egter aantoon wat die hoofstrominge is in die Suid-Afrikaanse historiografie en wie die vernaamste bydraes gelewer het tot die ontwikkeling daarvan. Binne die kader van so 'n benadering kan weer verskillende werkwyses gevolg word. Smith gee, soos Van Jaarsveld in sy *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, veral aandag aan die vernaamste strominge of skole en behandel daarby enkele belangrike verteenwoordigers in besonder. Saunders daarenteen konsentreer op deurbrake in die ontwikkeling van die geskiedskrywing en op historici wat nuwe perspektiewe op die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gegee het. Hy beklemtoon dus eerder die grondleggers van skole en paradigmas in die geskiedskrywing met min aandag aan historici wat wel belangrike bydraes gelewer, maar hoofsaaklik binne 'n bestaande stroming gewerk het.

Smith en Saunders se benaderings het elk bepaalde verdienstes, maar ook sekere gebreke. Die waarde van Smith se aanpak lê veral in 'n duidelike oorsig oor die vernaamste rigtings en die aanduiding van die denkrigting waarby elke historikus tuishoort. Dit hou 'n nadeel in omdat historici nie in alle opsigte tot 'n bepaalde rigting gereken kan word nie en omdat 'n indeling van historici in verskillende stromings of rigtings meestal kunsmatig en geforseerd is. Van die probleem is Smith goed bewus: '... I have been constantly aware of the fact that few historians fitted snugly into the pigeonholes I had made for them', verklaar hy in sy voorwoord.[6] Die besondere waarde van Saunders se benadering is weer dat die bydraes van historici wat vir besondere vernuwings verantwoordelik was, goed na vore kom, maar met die gevaar, soos hy self toegee,[7] dat hulle betekenis oorbeklemtoon word, ten koste van ander belangrike skrywers. Hoewel Smith en Saunders gedeeltelik dieselfde stof behandel, bring

[1] J.S. du Plessis, 'In die rigting van 'n geskiedenis van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing', *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 7, 1975, p. 8.
[2] *Ibid.*, p. 7.
[3] *Ibid.*, p. 9.
[4] Opstelbundels wat na 1975 verskyn het, is *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle* (Kaapstad, 1979); *Wie en wat is die Afrikaner?* (Kaapstad, 1981); *Moderne geskiedskrywing ...* (Durban, 1982), en *Die Afrikaner se groot trek na die stede en ander opstelle* (Johannesburg, 1982).
[5] Johannesburg, 1984.
[6] Smith, *Changing past*, p. 6.
[7] Saunders, *Making of South African past*, p. 3.

hul verskillende uitgangspunte en benaderings mee sodat die twee werke mekaar aanvul en in sekere opsigte as korrektief op mekaar se beperkings dien.

'n Belangrike beperking in albei outeurs se benadering is dat hul indeling in rigtings en tendense hoofsaaklik gebaseer is op verskille in hul interpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en nie op algemene verskille in metode en geskiedbeskouing nie. Dit kom dus nie in hul werke na vore in hoeverre die rigtings en skole wat hul onderskei, aansluit by of deel vorm van rigtings en skole binne die Westerse geskiedskrywing as geheel nie. Dat die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing onlosmaaklik deel uitmaak van die Westerse geskiedskrywing, blyk reeds daaruit dat feitlik al die vroeë professionele historici hul opleiding in Groot-Brittanje, Nederland en Duitsland gehad het, terwyl belangrike figure soos W.M. McMillan, C.W. de Kiewiet, E.A. Walker en L.M. Thompson, maar ook verskeie nuwe skrywers, vir ten minste 'n deel van hul loopbane aan buitelandse inrigtings verbonde was of nog is en in die buiteland oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis geskryf het. Om die agtergrond en oorsprong van strominge en skole in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te begryp, moet derhalwe na die geskiedskrywing in Europa en die VSA gekyk word. Dit doen Smith en Saunders net in 'n beperkte mate. 'n Belangrike terrein in navorsing oor die Suid-Afrikaanse historiografie lê derhalwe nog hier braak.[8]

Albei skrywers is wetenskaplik-krities ingesteld oor die strominge en geskiedbeskouings wat hul behandel; tog beteken dit nie dat hul heeltemal neutraal of onpartydig staan nie. So iets sou onmoontlik wees omdat hul immers self historici is wat deur tendense in die geskiedskrywing beïnvloed word en ook 'n eie beskouing oor kernprobleme in die Suid-Afrikaanse geskiedenis het. Smith sien dit as 'n gebrek van Van Jaarsveld se *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede* dat dit geskryf is vanuit 'n 'emotional and very subjective viewpoint, particularly with regard to historical writing over the past 15 or so years.'[9] Smith kan egter self nie aan so 'n subjektiewe betrokkenheid ontsnap nie; dit kom in sy werk eweneens na vore juis wanneer hy hom oor die kontemporêre geskiedskrywing uitlaat. Hy skryf insiggewend oor die geskiedskrywing in Afrikaans, maar in besonder wanneer dit oor huidige tendense gaan, laat blyk hy sy eie voorkeure. Hy laat hom byvoorbeeld nie baie positief uit oor Van Jaarsveld se pleidooi om vernuwing in die Afrikaanse geskiedskrywing nie, omdat hy meen dat Van Jaarsveld, soos ander Afrikaanse historici, te wantrouig staan teenoor enige moontlike Marxistiese invloed[10] en omdat Van Jaarsveld in sy oproepe om vernuwing ook verwys het na die nuwe konstitusionele bedeling en daarmee die indruk gewek het dat hy historici wil inspan om regeringsbeleid uit te voer.[11] Smith maak op verskillende plekke in die algemeen melding van jonger Afrikaanse historici wat krities teenoor Van Jaarsveld en ander ouer historici sou staan en gee heelwat aandag aan twee artikels met 'n kritiese strekking van H. Giliomee en A. du Toit (laasgenoemde nie 'n historikus nie, maar 'n politieke filosoof),[12] sonder om egter te probeer uitmaak in hoeverre hul beskouings as verteenwoordigend van jonger Afrikaanse historici gesien kan word. Saunders gaan nie in op die geskiedskrywing in Afrikaans nie, maar waar hy na eietydse Afrikaanse historici verwys, is sy opmerkings skerp krities. In sy behandeling van die werke van P. Delius, J. Guy en andere oor prekoloniale samelewings verklaar hy:

> Conservative historians who were apologists for the apartheid regime attempted to appropriate the new work on precolonial societies for an ethnic interpretation of South African history which might fit the government's Bantustan ideology.[13]

Hy meen ook dat Van Jaarsveld J. Omer-Cooper se *The Zulu aftermath*,[14] wat laasgenoemde volgens Saunders as 'n anti-apartheidsprojek beplan het, probeer gebruik het om die regering se tuislandbeleid te regverdig.

By Saunders kom in groter mate as by Smith sy eie geskiedbeskouing en betrokkenheid by 'n bepaalde stroming in die geskiedskrywing na vore. Dit blyk veral in sy hoofstukke oor G.M. Theal wat hy as een van die inisieerders van 'n nuwe rigting in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing beskou. Hy bestempel Theal byvoorbeeld telkens as 'n rassis: 'Though interested in blacks, he was an out-and-out racist, whose writings are littered with what we recognise today as absurd prejudices and stereotyping.'[16] Hy toon min begrip daarvoor dat die rassebeskouing in die tyd waarin Theal geleef het algemeen was onder blankes in Suid-Afrika, maar ook in die hele Westerse wêreld. Saunders toon tereg aan dat Suid-Afrikaanse historici, Afrikaans- sowel as Engelstaliges, nog dekades daarna soortgelyke beskouings as Theal gehuldig het, met 'n blanksentriese siening van die Suid-Afrikaanse geskiedenis waarin swartes net op die agtergrond en hoofsaaklik as ondergeskiktes gefigureer het. Wanneer hy egter opmerk dat Theal meer as enigiemand anders verantwoordelik was vir die vestiging van 'n tradisie van 'strongly pro-colonialist, anti-black historical writing' en vir die skepping van 'the racist paradigm which lay at the core of that tradition and which served to justify white rule',[17] lyk dit of hy die invloed van Theal oorskat en te min rekening hou met die invloed van 'n Westers-sentriese uitkyk op die wêreld en die geskiedenis wat tot na die Tweede Wêreldoorlog algemeen in Westerse lande voorgekom het. Uit sy bespreking van Theal en ander vroeëre skrywers blyk dat Saunders hierdie figure nie in die eerste plek binne hul eie tyd en omstandighede probeer beoordeel nie, maar vanuit opvattings en omstandighede wat vandag geld. Soos die titel van sy boek aandui, is hy veral geïnteresseerd in geskiedskrywers se beskouings van ras en klas, konsepte wat eers in resente tye as van besondere belang deur geskiedskrywers gesien word. Saunders is dus geneig om, soos die bekende historikus Herbert Butterfield ten opsigte van die liberale geskiedskrywing in Groot-Brittanje aantoon,[18] die vroeëre geskiedenis (en in hierdie geval geskiedskrywing) in die lig van die latere geskiedenis te interpreteer. Hiermee openbaar Saunders self kenmerke van die liberale rigting in die geskiedskrywing. Dit blyk beslis ook uit sy werk dat hy hom veral tot die rigting aangetrokke voel, ofskoon hy geensins blind vir die gebreke van die liberale skool is nie.

Saunders se beheptheid met die probleme van die Suid-Afrikaanse samelewing van vandag kleur dus sy siening van die vroeëre geskiedskrywing. Dit is ook die geval met die kontemporêre geskiedskrywing waarin hierdie probleme wel 'n groot rol speel en hy nie 'n mate van eensydigheid kan vermy nie. Dit is, soos reeds opgemerk, feitlik onmoontlik

[8] Van Jaarsveld bespreek in verskillende werke kortliks die verband tussen buitelandse en Suid-Afrikaanse tendense in die geskiedskrywing, bv. in sy *Wie en wat is die Afrikaner?*, pp. 101-128. Ook A.M. Grundlingh raak die aspek aan in 'Sosiale geskiedenis en die dilemma in Afrikaner-geskiedskrywing,' *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, 1987, pp. 31-49.

[9] Smith, *Changing past*, p. 3.

[10] *Ibid.*, p. 94.

[11] *Ibid.*, pp. 91-92.

[12] *Ibid.*, pp. 95-98.

[13] Saunders, *Making of South African past*, p. 183.

[14] Londen, 1966.

[15] Saunders, *Making of South African past*, p. 183.

[16] *Ibid.*, p. 193.

[17] *Ibid.*, p. 29.

[18] H. Butterfield, *The Whig interpretation of history* (Londen, 1931).

om oor huidige tendense waarby alle historici vandag op die een of ander wyse betrokke is, onpartydig te wees. Tog kan tans moeilik perspektief verkry word op strominge wat nog voortduur en waarvan die totale betekenis dus nog nie bepaal kan word nie. Saunders, sowel as Smith, probeer verder nie om 'n volledige beeld van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te gee nie, maar moet 'n seleksie maak - en dié kan moeilik anders as om vir ander historici in sekere mate willekeurig te lyk. Nie een van die twee skrywers gee byvoorbeeld veel aandag aan T.R.H. Davenport se gesaghebbende sintese van die Suid-Afrikaanse geskiedenis[19] of aan die invloedryke werk onder redaksie van R. Elphick en H. Giliomee oor die Suid-Afrikaanse samelewing in die 17de en 18de eeu nie.[20] Smith se seleksie van moderne Afrikaanse historici aan wie hy besondere aandag gee, lyk ook subjektief. Hy skryf hoofsaaklik oor G.D. Scholtz, P.J. van der Merwe en F.A. van Jaarsveld. Van D.W. Krüger en A.J. Boëseken kom wel foto's voor maar word feitlik niks vertel nie. Sowel Saunders as Smith se hoofstukke oor die jong radikale skrywers is verhelderend en gee 'n duideliker beeld as wat tot dusver in ander werke gebied word. Maar watter figure onder die groot aantal skrywers, van wie die meeste net 'n enkele boek of 'n paar artikels gelewer het, eintlik die belangrikstes is, sal waarskynlik eers heelwat later gesien kan word.

Nieteenstaande die kritiek wat teen die twee boeke ingebring kan word, is dit twee belangrike bydraes tot die literatuur oor die Suid-Afrikaanse historiografie. Smith het ryklik van vroeëre studies en boekbesprekings gebruik gemaak en die waarde van sy werk lê miskien nie in die eerste plek in die nuwe interpretasies wat hy doen nie, maar eerder in sy nuwe sintese van kennis oor die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Saunders se werk dek 'n kleiner veld, maar hy doen 'n grondiger ontleding van enkele belangrike skrywers en hul werke; hy het dan ook 'n oorspronkliker bydrae gelewer.

Albei werke bring, saam met Van Jaarsveld se *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, dit duidelik na vore dat die Suid-Afrikaanse historiografie van die begin af sterk deur verskillende politieke beskouings en strewes beïnvloed is en ook in diens van sulke strewes gestel is — selfs deur professionele historici. Afrikaanse historici, en later ook swart skrywers, het die geskiedskrywing vir nasionalistiese oogmerke aangewend, liberale geskiedskrywers wou in hul werke hul eie politieke ideale bevorder en radikale skrywers het hul werke as 'n middel gesien om radikale veranderings in die samelewing aan te bring; ook vandag, miskien meer as tevore, speel buitewetenskaplike oogmerke 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Dit is dan ook geen wonder nie dat in hul perspektief op die geskiedenis daar diepgaande verskille onder historici en onder verskillende groepe in die Suid-Afrikaanse samelewing voorkom. Smith en Saunders se benadering om verskillende skole, stromings en paradigmas in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te onderskei, beklemtoon egter juis die verskille. Hoewel historici hul nooit heeltemal kan losmaak van buitewetenskaplike uitgangspunte en doelstellings nie, het hulle tog 'n bepaalde wetenskaplik-historiese ingesteldheid en werkwyse gemeen; dit geld ook die meeste radikale historici. Saunders en Smith toon goed aan dat net sekere radikale skrywers beskou kan word as 'Marxist dogmatists'[21] wat Marxistiese teorieë as vertrekpunt neem en feite selekteer wat in hul skema pas. Die meeste historici is volgens Saunders eintlik 'intellectual pluralists'[22] wat 'n grotendeels gemeenskaplike wetenskaplike basis het. Daarom, al sal verskille in interpretasies nooit heeltemal kan verdwyn nie, lyk die moontlikheid van 'n gesamentlike sintesewerk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis deur historici van verskillende denkrigtings (wat ook in hoë mate aanvaarbaar sal wees vir lede van alle volksgroepe in Suid-Afrika) nie onbereikbaar nie.[23] Saunders en Smith se werke toon aan dat die verskille veral groot word wanneer na die Suid-Afrikaanse geskiedenis in sy geheel gekyk word. Wanneer dit oor die geskiedenis van 'n bepaalde tydperk of streek gaan, behoort die verskille in vertolkings meesal kleiner te wees en is die moontlikheid van vrugbare samewerking tussen historici met verskillende uitgangspunte groter. Die boeke van Smith en Saunders werp daarom ook in hierdie opsig lig op die waarde en plek van lokale geskiedskrywing in Suid-Afrika vandag.

Hoewel Saunders feitlik nie aandag aan die geskiedskrywing in Afrikaans gee nie, is sy werk, soos dié van Smith, tog van groot belang om perspektief op die huidige stand van die Afrikaanse geskiedskrywing te verkry. Uit Saunders se boek blyk veral dat waar dit kom by die stel van nuwe vrae en vorming van nuwe geheelinterpretasies van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, die Afrikaanse skrywers geen belangrike bydrae gelewer het nie. Dit hang waarskynlik daarmee saam dat, soos Smith ook na vore bring,[24] Afrikaanse geskiedwerke dikwels ryk is aan feitelike detail, maar arm aan interpretasie en sintese. Voorts is Afrikaanse skrywers ook geneig om hul taak eerder te sien as die beskrywing van gebeurtenisse as die oplos van probleme. Hierdie neiging dui op 'n leemte in die opleiding van Afrikaanse historici wat waarskynlik gedeeltelik oorbrug kan word deur in opleidingsprogramme meer aandag aan verskillende vertolkings van die geskiedenis en dus aan die Suid-Afrikaanse historiografie te gee. Vir so 'n studie is Smith en Saunders se werke wat albei eenvoudig en helder geskryf is geskikte handleidings.

Smith verklaar dat die Afrikaanse historiografie sy sin vir rigting verloor het,[25] veral noudat Afrikaanse historici nie meer soos vroeër in 'n nasionalistiese oortuigingsraamwerk vasgevang is nie en hulle daarvan bewus word dat hulle van nuwe tendense in die Westerse geskiedskrywing geïsoleerd gebly het. Om hulle te oriënteer ten opsigte van die nuwe rigtings wat hulle behoort in te slaan, is kennis van die stromings en tendense in die huidige Suid-Afrikaanse geskiedskrywing vir Afrikaanse historici van groot belang. Ook in hierdie opsig is die verskyning van twee belangrike werke oor die historiografie tydig en welkom. ■

19 T.R.H. Davenport, *South Africa : a modern history* (Johannesburg, 1987).

20 R. Elphick en H. Giliomee (reds.), *The shaping of South African society, 1652-1820* (Kaapstad, 1979).

21 Saunders, *Making of South African past*, p. 189.

22 *Ibid.*

23 Hierdie kwessie word bespreek in Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, pp. 170-204; kyk ook B.J. Liebenberg se besprekingsartikel 'Omstrede Suid-Afrikaanse verlede : 'n omstrede boek deur 'n omstrede skrywer', *Kleio* 17, 1985, pp. 104-114; en J.S. Bergh, 'Uitdagings vir die Afrikaanse historikus', *Historia* 32(2), September 1987, pp. 14-26.

24 Smith, *Changing past*, p. 88.

25 *Ibid.*, p. 89.